**Notule** van die **7de Gewone Maandelikse** vergadering
van die **Plaaslike Raad** vir **Beaufort-Wes**

gehou in die *Kwa-Mandlenkosi Gemeenskapsaal*,
*Munisipale Geboue, Beaufort-Wes*

op **Dinsdag, 29 September 2015**

om **09:30**

**TEENWOORDIG:**

Raadsheer T Prince [Uitvoerende Burgemeester], Raadslede: SM Motsoane [Speaker], EAJ Beyers [Uitvoerende Onder-Burgemeester] GP Adolph [10:10], J Bostander [10:25], G de Vos, L Deyce, M Furmen, GT Murray, AM Slabbert en AD Willemse

**AFWESIG:**

Raadslede: DE Welgemoed (*verskoning*) en R van der Linde

**IN DIENS:**

Munisipale Bestuurder [09:45], Direkteur; Elektrotegniese Dienste, Direkteur: Ingenieursdienste, Direkteur: Korporatiewe Dienste, Wrnde. Direkteur: Gemeenskapsdienste (RE Klink)[10:10] en Senior Klerk: Komitees

Mnr. P Blaauw (ASLA) en Me. J. Johnson (ASLA Projekbestuurder)

Raadslid G de Vos open die vergadering met gebed.

By aanvang van die vergadering meld die Speaker dat hierdie vergadering in die Rustdenesaal sou plaasvind, maar weens die feit dat die Youth Hub vandag geopen word, die vergadering verskuif is na Kwa-Mandlenkosi Gemeenskapsaal. Voorts verwelkom die Speaker almal teenwoordig en meld dat ASLA se Projekbestuurder en mnr. Blaauw teenwoordig is in die vergadering om die S8 Projek aan die Raad voor te hou.

## 1. VERKIESING VAN WAARNEMENDE SPEAKER

**GEEN**

## 2. AANSOEKE VIR VERLOF VIR AFWESIGHEID

3/4/1

| **Raadsheer/Raadslid** | **Verlof Datum** |
|---|---|
| Raadslid AD Willemse | 30 September 2015 en 08 Oktober 2015 |
| Raadslid M Furmen | 9 en 12 Oktober 2015 |
| Raadslid G de Vos | 1 Oktober 2015 |
| Raadslid GT Murray | 5 tot 7 Oktober 2015 |

## 3. GOEDKEURING VAN NOTULES –

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid GP Adolph stel voor dat die onderstaande notules, goedgekeur en aanvaar word:-

3.1 6de Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Dinsdag, 25 Augustus 2015**

3.2 6de Gewone Maandelikse vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Dinsdag, 25 Augustus 2015:** *Afsonderlike Notuleboek*

3.3 8ste Spesiale vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Donderdag, 10 September 2015**

3.4 7de Spesiale vergadering van die Plaaslike Raad vir Beaufort-Wes gehou op **Maandag, 21 September 2015**

Die Munisipale Bestuurder meld dat die notule soos gesirkuleer in die agenda vervang word en lê ʼn *gewysigde notule* ter tafel, welke notule aangeheg word as **Bylae A** tot hierdie notule.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

## 4. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER

Die Speaker noem dat die kwessie oor die 50/50 betaling en afskrywing op rekeninge ten opsigte van water en elektrisiteit tydens die werkswinkel met betrekking tot die hersiening van beleide van toepassing sal wees. Verder spreek die Speaker sy bekommernis uit oor die feit dat daar huisgesinne van vyf tot ses mense is en niemand van hulle ʼn werk het nie. Die Speaker is van mening dat sulke mense nog steeds toegelaat moet word om reëlings te tref met betrekking tot die betaling van hulle rekeninge. Die Speaker versoek ook dat die gemeenskap moet toesien dat indien die huiseienaar tot sterwe kom die familie die Munisipaliteit in kennis moet stel sodat ʼn verantwoordelike persoon aangewys kan word. Die Speaker spreek ook sy bekommernis uit oor die feit dat daar nog steeds voortgegaan word om die mense se huise op veilings te verkoop wat teenstrydig is met die Raad se besluit , naamlik dat geen mense se bates op veilings verkoop mag word nie. Die Speaker noem dat diegene wat kan betaal moet betaal.

## 5. VERKLARINGS EN MEDEDELINGS DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER
3/4/1

Die Agbare Burgemeester versoek dat daar ‘n sessie gereël moet word met alle Direkteure vir Maandag ten einde n verslag te kry rakende die Munisipaliteit. Verder noem die Agbare

Burgemeester dat ‘n vergadering te Nelspoort gehou was en dat ‘n “walk about” gedoen was. Die Burgemeester spreek ook sy misnoeë uit teen die feit dat raadsbesluite nie geïmplementeer word nie. Die Burgemeester deel die vergadering mee dat hy ŉ versoek ontvang het van die Church of Christ vir die gebruik van die Kwa-Mandlenkosi gemeenskapsaal vanaf 7 Oktober 2015 tot 11 Oktober 2015 en dat daar toestemming aan die kerk verleen word om die saal gratis te gebruik vir hierdie tydperk. Die Burgemeester versoek die wyksraadslede om meer kontak vergaderings in hulle verskillende wyke te hou. Verder noem die Burgemeester dat ‘n Arbeidsforum vergadering op Vrydag, 2 Oktober 2015 gehou moet word. Die Agbare Burgermeester deel die vergadering mee dat hy ŉ skrywe ontvang het vanaf Pennypinchers en dat die administrasie die persoon so gou as moontlik moet help.

Die Burgemeester bedank die Speaker vir die geleentheid.

## 6. ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS

### 6.1 PRESENTATION: ORAP GROUP
9/1

No representative of the ORAP Group were present at the meeting to make a presentation.

### 6.2 PRESENTATION: ASLA
14/11/3/2/28/5

Mr Pierre Blaauw and Miss J. Johnson made a presentation to Council with regard to the S8 Housing Project and also a report on the housing pipelines as well as the GAP Housing Project in Beaufort West whereby Council:-

**RESOLVED**

dkd

6.2.1 That the presentation by ASLA be noted.

6.2.2 That ASLA be requested to assist with the fixing or repairing of the houses in Plakkerskamp and Prince Valley as part of their social responsibility.

6.2.3. That ASLA should investigate the possibility of using locally manufactured bricks as the ones they are currently using, have a negative impact on the health of beneficiaries and also not promoting SMME’s and local suppliers.

## 7. OORWEGING VAN VERSLAE DEUR DIE UITVOERENDE BURGEMEESTER

### 7.1 MFMA: ARTIKEL 71: MAANDELIKSE STATE: AUGUSTUS 2015

5/1/2/1; 8/1/1/2/3

**BESLUIT**

dkd

Dat die Maandelikse State met betrekking tot die Artikel 71 verslag vir Augustus 2015 soos uiteengesit in **Bylae 44 tot 67** van die agenda, goedgekeur en aanvaar word.

## 8. DRINGENDE AANGELEENTHEDE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER

### 8.1 LANGDIENSTOEKENNING

4/6/1/6

**KENNIS GENEEM**

### 8.2 EMPLOYEES: ACHIEVEMENT OF CERTIFICATES

SP

Council M Furmen congratulates the Executive Mayor on his academic achievement by obtaining a Master's Degree in Public Administration.

**NOTED**

### 8.3 VERSLAG AANGAANDE ONGEMAGTIGDE BANKDEBIETE

5/8/2

Raadslid EAJ Beyers meld dat sy skrywe bespreek moet word, waarna die Speaker meld dat die skrywe nie nou bespreek gaan word nie.

Die Speaker vra dat die vergadering vir 5 minute verdaag, by aanvang van die vergadering meld die Speaker dat daar by die besluit volstaan word.

Raadslid EAJ Beyers meld weereens dat sy skrywe bespreek moet word, waarna die Speaker volstrek weier.

Raadslid AD Willemse vra om 'n koukus met alle Hoofswepe, by terugkeer, meld Raadslid Willemse dat die Hoofsweep van die ANC, Raadslid G de Vos en die Hoofsweep van die DA volstaan by die besluit geneem en dat Raadslid EAJ Beyers volstrek weier om van sy standpunt af te sien.

Die Speaker meld dat indien Raadslid EAJ Beyers hom nie gaan gedra nie, hy die vergadering moet verlaat, waarna Raadslid EAJ Beyers volstrek weier en aanhou dat hy insette op hierdie punt wil lewer en sy skrywe behandel moet word.

**BESLUIT**

dkd Dat die Munisipale Bestuurder en die Direkteur: Finansiële Dienste moet die Speaker op hoogte hou met betrekking tot die ongemagtigde bankdebiete en moet hierdie item nie meer as 'n staande item op die agenda geplaas word nie.

## 8.4 COMMUNICATION STRATEGY

2/B

dkd

Councillor G de Vos seconded by Councillor GP Adolph proposed that the draft Communication Strategy for the Beaufort West Municipality, be approved and accepted.

**UNANIMOUSLY ACCEPTED**
**THUS RESOLVED**

## 8.5 HERNUWING VAN HUURKONTRAK: NIEUVELD POSKANTOOR: MEYERSTRAAT

7/1/4

aa

Raadslid G de Vos gesekondeer deur Raadslid J Bostander stel voor dat die huurkontrak tussen die Beaufort-Wes Munisipaliteit en die Nieuveld Poskantoor te Meyerstraat hernu word op die voorwaardes soos bepaal deur die Beaufort-Wes Munisipaliteit.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

## 8.6 BESKIKBAARHEID VAN MUNISIPALE WONINGS: SENIORSTRAAT 1 & LOMBAARDSTRAAT 6

7/1/4

**BESLUIT**

aa

Dat goedkeuring verleen word dat die woning geleë te Seniorstraat 1 aan Me. C. Jacobs en die woning geleë te Lombaardstraat 6 aan me. P. Swanepoel vir 'n periode van vier-en-twintig (24) maande teen markwaarde verhuur word.

**8.7 AANSOEK OM HERNUWING / VERLENGING VAN HUURKONTRAK: WYNNELAAN 1: ME. E SWARTS**
7/1/4

**BESLUIT**

aa

Dat goedkeuring verleen word vir die hernuwing van die huurkontrak ten opsigte van Wynnelaan 1 aan Me. E Swarts vir 'n periode van vier-en-twintig (24) maande teen markwaarde.

Raadslid EAJ Beyers verlaat die vergadering synde 11:20 sonder die toestemming van die Speaker.

mb Die Agbare Burgemeester meld dat weens die herhaaldelike opmerking van Raadslid EAJ Beyers wat telkens verwys na die bespreking van item 8.3 wanneer die agendapunte oopgestel word vir bespreking en ook die feit dat hy die raadvergadering verlaat het sonder toestemming die gedrag van Raadslid Beyers ondersoek word en dienooreenkomstig die Ordereëls teen Raadslid EAJ Beyers opgetree sal word.

**8.8 AANSOEK OM AANKOOP VAN ERF 3501, BEAUFORT-WES**
7/3/4/1/3/2

ba

Raadslid J Bostander gesekondeer deur Raadslid G de Vos stel voor dat in beginsel goedkeuring verleen word dat erf 3501 verkoop mag word en dat voortgegaan word om 'n waardasie van die erf aan te vra word.

**EENPARIG AANVAAR**
**ALDUS BESLUIT**

**8.9 SUPPLY CHAIN MANAGEMENT MONTHLY IMPLEMENTATION REPORT: JULY 2015**
8/1/1/2/3

**RESOLVED**

dkd 8.9.1 That the Monthly Supply Chain Management Implementation Report for July 2015 attached as **Annexure 029 to 032** of the agenda, be approved.

8.9.2 That an investigation be conducted to determine whether Council could buy its own forklift in order to cut on hiring costs.

Raadslid J Bostander meld dat probleme ondervind word met die uitbetalings van vervoertoelae vir die bywoning van vergaderings by die Beaufort-Wes Munisipaliteit en dat hy voortaan geen vergaderings gaan bywoon nie. Raadslid L Deyce ervaar ook dieselfde probleme en dat haar gevoel dieselfde is soos die van Raadslid J Bostander.

**8.10 SALGA GOVERNANCE STRUCTURE AND ATTENDANCE AT SALGA MEETINGS: APRIL – JUNE 2015**
10/3/2/3/4

**NOTED**

**8.11 GUIDING FRAMEWORK FOR DETERMINATION BY MUNICIPAL COUNCIL'S OF COST OF LIVING ADJUSTMENTS FOR SECTION 56/57 MANAGERS**
10/3/2/3/4

**RESOLVED**

dkd

That the Guiding Framework for determination by Municipal Council for the cost of living for the adjustments for Section 56/57 employees (who are not covered by such the Salary, Wage and Collective Agreement), be approved and accepted.

**8.12 COMMENTS ON THE 3rd REVIEW OF THE 2012 – 2017 INTEGRATED DEVELOPMENT PLAN OF THE BEAUFORT WEST MUNICIPALITY**
10/3/3/5/11

**RESOLVED**

aa

That the comments on the 3rd Reviewed of the 2012 - 2017 Integrated Development Plan of the Beaufort West Municipality received from the Department of Local Government, be approved and accepted.

**8.13 GOP PROJEKTE WAT GEREGISTREER MOET WORD VIR 2016/2017 EN 2017/2018 FINANSIëLE JAAR**
10/3/3/5/11

**BESLUIT**

aa

Dat die volgende GOP Projekte vir die 2016/2017 en 2017/2018 finansiële jaar geregistreer moet word naamlik:-

**<u>2016/2017</u>**

**Hoëmasbeligting in die groter Beaufort-Wes fase 2.1**

| | | |
|---|---|---|
| Lande | : | 4 x 30 m Masts |
| Bevoordeelde bevolking: 7 800 | : | Huishoudings wat voordeel geniet: 1 568 |
| **Totaal** | **:** | **R1 643 064.80** |

| | | |
|---|---|---|
| Barrakke | : | 1 x 30m Mast |
| Bevolking wat voordeel geniet: 400 | : | Huishoudings wat voordeel geniet: |
| **Totaal** | **:** | **R 410 766.20** |
| Nieuveldpark/Essopville | : | 2 x 30 m Mast |
| Bevoordeelde bevolking: 8 500 | : | Huishoudings wat voordeel geniet: 1 702 |
| **Totaal** | **:** | **R 821 532.40** |
| Murraysburg | : | 3 x 30 m Mast |
| Bevoordeelde bevolking: 7 500 | : | Huishoudings wat voordeel geniet: 1446 |
| **Totaal** | **:** | **R 1 232 298.60** |

**2017/2018**

**Hoëmasligte vir die groter Beaufort-Wes Fase 2.1**

| | | |
|---|---|---|
| Hillside I | : | 1 X 30 m Mast |
| Bevoordeelde bevolking: 1 600 | : | Huishoudings wat voordeel geniet: 320 |
| **Totaal** | **:** | **R 410 766.20** |
| Hooyvlakte | : | 2 x 30 m Mast |
| Bevoordeelde bevolking: 750 | : | Huishoudings wat voordeel geniet: 150 |
| **Totaal** | **:** | **R 821 532.40** |
| Kwa-Mandlenkosi | : | 5 x 30 m Masts |
| Bevoordeelde bevolking: 7 800 | : | Huishoudings wat voordeel geniet: 1 567 |
| **Totaal** | **:** | **R 821 532.40** |
| Nelspoort | : | 2 x 30 m Masts |
| Bevoordeelde bevolking: 2 000 | : | Huishoudings wat voordeel geniet: 382 |
| **Totaal** | **:** | **R 821 532.40** |

**TOTAAL: 20 HIGH MAST LIGHTS TOTAL COST : R 8 215 324.00**

goedgekeur en aanvaar word.

Die Speaker meld dat items 8.14 tot 8.33 na die eersvolgende Spesiale Raadsvergadering verwys word.

**8.14 MAAK VAN HOUT: HANSRIVIER**
7/3/4/1/1

Die Uitvoerende Burgemeester meld dat mnr. Carelse hom besoek het om toestemming te verleen om hout te maak te Hansrivier waarna die Raad soos volg:-

**BESLUIT**

dkd

8.14.1 Dat toestemming aan mnr. Carelse verleen word om hout te Hansrivier te maak.

8.14.2 Dat die Direkteur: Ingenieursdienste, mnr. JCL Smit die area sal identifiseer waar hout gemaak kan word.

**8.15 KONDONERING: ARMLASTIGE BEGRAFNISSE**
13/6/1

**BESLUIT**

aa / dfd / dgd

Dat die uitgawes aangegaan word ten opsigte van armlastige begrafnisse, gekondoneer word.

| | **Diensverskaffer** | **Namens** | **Ten bedrae van** |
|---|---|---|---|
| **1.** | Josticare | Wanky Hoffman | R2,381.00 |
| **2.** | Josticare | Elizabeth Tentemine | R4,000.00 |
| **3.** | Goodman | Micheki Bonzwana | R2,891.00 |
| **5.** | Goodman | Piet Human | R4,450.00 |
| **6.** | Goodman | Daniël Lottering | R4,441.00 |
| **7.** | Avbob | Babalenza | R2,381.00 |
| **8.** | Goodman | Pietersen | R1,500.00 |

Die vergadering sluit om **12:00**.

Notule bekragtig hierdie _____ dag van _______________2015.

___________________________________
**SM Motsoane**
**SPEAKER**